

Chris Jones*

Op [Mandela Dag](#) (18 Julie) herdenk mense wêreldwyd nie net Madiba se verjaardag nie. Op dié dag word hy ook as 'n leier vereer en sy moed en talente, veral sy wysheid en morele karakter, word gevier.

Maar die herdenking van hierdie dag noop ons ook om selfrefleksie te doen oor waar ons ons bevind ten opsigte van onder meer Mandela se wysheid en etiek.

Ongelukkig het die ANC-regering en sy makkers in Suid-Afrika Mandela se wysheid en etiek die afgelope dekade of twee verraai. Ons het gesien hoe politici hul amptelike poste misbruik het om rykdom, mag en status vir hulself te verkry.

Ons het gesien hoe staatsmislukkings in [dodelike onrus en stroping](#) uitgespeel het; ons het swak dienslewering beleef; ons het 'n kommerwekkende toename in armoede, ongelykheid, werkloosheid, gewelddadige misdaad, geslagsgebaseerde geweld en geweld teen kwesbare groepe gesien; en ons het die agteruitgang in gehalte-onderwys en in verskeie aspekte van die land se gesondheidsdiens gadeslaan.

Ek dink die regering het met sy onetiese en onwyse besluite en dade die afgelope dekade Mandela op alle vlakke weer gevange geneem. Dit het sy en so baie ander se stryd en opofferings verkleineer. Dit het die mag van oorheersing, manipulasie en onteiening versterk.

Ten slotte ...

Dit het tyd geword dat Suid-Afrikaners moet opstaan – deur regenerasie, hernuwing en deur hoe ons optree en kommunikeer – op 'n manier wat ons op 'n trajek na die tipe land wat Mandela en so baie in die vooruitsig gestel het, sal plaas: 'n land wat weet wat die maksimum versigtigheid is – neem verantwoordelikheid!

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

****Dr Chris Jones is hoofnavorsers in die Departement Sistematiese Teologie En Ekklesiologie en hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.***